Wapadrant Gemeente

# Maand-krant

November 2022




# SunRise Naskool Wathaba-Stap


Wat 'n voorreg was dit om die senior leerders van die naskool op die Wathaba-stap te kon neem die naweek van 7-9 Oktober. Vir hulle was dit self ook 'n uitsonderlike ervaring. Die stap was baie lekker om so weer 'n stukkie van die mooi natuur en watervalle te beleef, nuwe maats is gemaak. In die aand is daar na die sterre gekyk en lekker marsh-mallows gebraai en elke dag lekker geëet. Dit was lekker pret en iets om te onthou.

Kommentaar van ander volwassenes wat saam met ons kinders gekamp het: Ons was ongelooflik beïndruk met die gedrag, dissipline en die manier hoe elkeen van die kinders hulle self gehandhaaf het. Dit was 'n plesier om saam met hulle die naweek te kon spandeer, want netheid, dissipline en vriendelikheid was duidelik vir hulle van belang. Ons sal enige tyd weer 'n naweek saam met hulle kan spandeer!







**Die Waslyn**

30ste Laan 740
Villieria
0186

**078 296 4596**

***Welkom by "Die Waslyn". Hier is ons diens en produk ons trots!***


**<u>HET U GEWEET…?</u>**

Ons was gordyne…Kom haal dit af, was, droog en stryk dit en hang dit weer vir u! Skakel vandag nog vir 'n kwotasie:
078 296 4596

Ons doen ook:

- Verstellings
- Net was van alledaagse klere
- Was en vou van alledaagse klere
- Net stryk van alledaagse klere

Besoek ons vandag nog vir die beste diens!!




# **VRYWILLIGERS** word **DRINGEND** benodig!

SunRise Naskool kort vrywilligers om by die Wapadrant Gereformeerde Kerk se Uitreikaksie te help. Ons het 16 kinders wie in die middae ondersteun word met toesig en huiswerk. Maandae - Vrydae. Slegs in die middae.

**<u>Kontak die kerkkantoor</u>**

**012 991 1395 / kantoor@gkwapadrant.co.za**

# Nie behoefte-aangedrewe nie



Stephan Joubert (eKerk)

“You can’t always get what you want.” So sing Mick Jagger en die Rolling Stones. Inderdaad! Ons kan nie altyd kry wat ons wil hê nie. Daarom is baie mense ongelukkig, want hulle is “wants and needs driven”, soos wat die Engelse dit sou sê. Hulle leef behoeftegedrewe. So ’n leefwyse is ’n bodemlose put. Behoeftegedrewe mense het nooit genoeg nie. Daar is altyd nog iets wat hulle kortkom voordat hulle regtig gelukkig in hulle eie oë kan wees. Hulle glo dat die volgende item op hulle wenslys hulle gelukkig sal maak. Maar dit doen nie, want daar’s altyd net nog iets anders wat hulle ook nog nodig het … net nog ’n nuwe selfoon, kledingstuk, implement, instrument, huis, toer, reis, ervaring, vakansie, motor…

Behoeftegedrewe mense is professionele tekortkommers! Van vroeg tot laat kom hulle dinge kort. Jesus waarsku ons in Lukas 12:22-34 teen so ‘n leefwyse. Dit is verslawend, onvervullend, energierowend en uiteindelik is dit ook ’n geloofdief. Wanneer eindelose selfsugtige behoeftes ons lewe oorheers, is niks ooit genoeg nie. Jesus weet dit. Hy weet geluk voor God word nie bepaal deur die oorvloed of gebrek aan besittings in ons lewe nie. Hy weet dat ’n diep bewussyn van God se teenwoordigheid ons vrymaak van ’n angstige nastreef van dinge en besittings. Die lewe gaan uiteindelik oor God se nabyheid en Sy goedheid in ons lewens. Hoe gelukkig is ons dus nie as ons met groot oortuiging kan sê: “Die Here is my herder - ek kom niks kort nie (Psalm 23:1).” Dit is ware rus om in die hande van die Goeie Herder te mag wees. Maar om hierdie rus te vind, moet ons opnuut kies om Sy skape te wees. Dan is voltydse vrede ons deel. Dan is die Here ons skuilplek, ons troos, ons anker, ons nabyheid en ons lewe! †

# Attestate & Bewyse van Lidmaatskap

## Ontvang van:

GK Anlin:  Johanna Christina Terblanche
GK Waterberg: Marlene Jansen van Vuuren
GK Rietvallei: Wynand Marthinus, Martin Dekker en Frieda Johanna Fourie (Dekker).

## Afgestuur na:

NG Pretoria-Oosterlig: Renico en Marlene Koen (Beukes) en dooplidmate Isabella en Ilze
NG Pretoria-Oosterlig: Karel Pieter en Yolandé Bodenstein (Rossouw) en dooplidmate Charles Peter en Janko James

# Doxa Deo Gedenkmuur




Doxa Deo Faerie Glen het onlangs 'n gedenkmuur opgerig.

Die gedenkmuur beskik oor meer as 1000 beskikbare nissies en word baie goed onderhou met 'n pragtige tuin om die muur. Daar is ook 24 uur sekuriteit op die perseel.

Doxa bied ook die geleentheid om 'n privaatseremonie te reël by 'n klipstapel-monument langs die gedenkmuur.

Geen jaarlikse instandhoudings- of administratiewe fooi word gehef nie - slegs 'n eenmalige bedrag van R3 700 per nissie. Nissiehouers hoef nie lidmate te wees van die Doxa Deo-kerkgroep nie; die nissies is beskikbaar aan die publiek.


Weens die skaarste aan gedenkmure en nissies in die omliggende omgewing asook die veiligheidskwessies by verskeie begraafplase, is dit die moeite werd om hierdie opsie te oorweeg.

Die gedenkmuur is opgerig by die Faerie Glen-kampus van Doxa Deo op die hoek van Atterbury- en Olympusweg in Faerie Glen.

Kontak vir Francois van Wyk by frannavwyk@gmail.com of 079 219 4491 vir navrae.

# Wapadrant Finansiële sake

## Tot en met einde September 2022




**Na die afgelope 9 maande in 2022:**

Met dank aan ons Hemelse Vader se voorsienigheid kan ons soos volg rapporteer.

Vir die jaar tot hierdie verslagdatum, is die netto Surplus nou **R576 538.**

Hierdie **Surplus** na nege maande, kan soos volg verder onderling verdeel word tussen die 4 groot fondse waaruit al die uitgawes vir spesifieke doeleindes gedra word en lyk soos volg:

> **Kerkkas = Surplus van R 421 219** (minus die tekort hieronder by Jeugbediening, wat dit dan afbring na: **R 180 466**)
> **Barmhartigheidsbediening = Surplus van R 366 488**
> **Uitreikbediening = Surplus van R 29 584**
> **Jeugbediening = Tekort van R 240 753**

**Ongelukkig moet ons wel ook rapporteer dat September een van ons swakker maande was vir inkomstes in 2022.**

# Dankoffer-inligting

| Maand | Aantal potensiële *bydraepunte | Aantal punte met geen beloofde bydrae | Aantal punte wat beloof het maar geen bydrae maak nie | Aantal punte wat agterstallig is | Getroue bydraers |
|---|---|---|---|---|---|
| **Feb 2022** | *(1 089 )<br>**(1 625) | 430<br>39,49% | 129<br>11,85% | 56<br>5,14% | 474<br>43,52% |
| **Maart 2022** | *(1 085 )<br>**(1 621) | 420<br>38,71% | 115<br>10,60% | 69<br>6.36% | 481<br>44,33% |
| **April 2022** | *(1 083)<br>**(1 612) | 417<br>38,50% | 107<br>9,88% | 87<br>8,03% | 472<br>43.59% |
| **Mei 2022** | *(1 098)<br>**(1 633) | 426<br>38,80% | 102<br>9,29% | 91<br>8,29% | 479<br>43.62% |
| **Junie 2022** | *(1 093)<br>**(1 625) | 425<br>38,88% | 100<br>9,15% | 106<br>9,70% | 438<br>42.27% |
| **Julie 2022** | *(1 099)<br>**(1 624) | 427<br>39,25% | 96<br>8,82% | 114<br>10,48% | 462<br>41.45% |
| **Aug 2022** | *(1 092)<br>**(1 626) | 428<br>39,19% | 98<br>8,97% | 110<br>10,08% | 456<br>41.76% |

* Bydraepunt : Getroude man en vrou = 1 bydraepunt
Belydende lidmaat in dieselfde gesin = bydraepunt
Enkellopende belydende lidmaat = bydraepunt

** Belydende lidmate

Hou asseblief in gedagte, vir hierdie gemeente om effektief te moet kan funksioneer, is daar heelwat finansiële verpligtinge wat nagekom moet word, wat meebring dat daar finansiële bydraes ontvang moet word, vanaf die lidmate, waaruit die bedryfsuitgawes dan gedek kan word. Daarom maak ons staat op elke lidmaat se dankoffer bydraes.

Indien lidmate nie oorbetalings aan die gemeente doen nie, beteken dit die ander lidmate in die gemeente, wat wel bydraes maak, "borg" die nie-bydraende lidmate, vir die genoemde uitgawes wat aangegaan moet word.

Moet asseblief nie die genoemde finansiële bydraes, (wat in kerkterme ook 'n Dankoffer genoem word), in die liefdegawesakkie plaas nie, want die liefdegawes gaan nie vir dieselfde doel nie. (Maak gebruik van die dankoffervorm).

**Maniere van afdra van Dankoffer**

• **Direkte inbetaling** op kerk se bankrekening/per internetbank of per aftrekorder by jou eie bank.

Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005. BAIE BELANGRIK: Naam, van en doel as verwysing. (Behalwe in die geval van 'n anonieme inbetaling.)

• Indien jy anonieme bydraes wil maak, plaas kontant/tjek in `n koevert en sit in liefdegawesakkie of doen 'n elektroniese oorbetaling in kerk se bankrekening.

• **Debietorder:** Reël met kerkkantoor by kantoor@gkwapadrant.co.za of volg hierdie skakel vir vorm: http://www.wapadrant.co.za/finansielesake.html

• **Nog 'n manier om jou dankoffer/liefdegawe oor te betaal:**

Snapscan – Vir gerieflike en vinnige betaling. Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir instruksies

Snap here to pay

SnapScan

# Wetenskap en Geloof in dialoog




**Die Teologiese Skool Potcefstroom bied aan**

## TSP HERLAAI (RECHARGE): WETENSKAP EN GELOOF IN DIALOOG

Ons nooi alle belangstellendes vriendelik uit na ons volgende 'TSP-herlaai'-geleentheid.

Tema: Wetenskap en Geloof in Dialoog

Spreker: Prof Frik van Niekerk

Datum en tyd: 14 November 2022 om 15:00-18:00

Lokaal: Konferensielokaal Fakulteit Teologie (K23-204) en virtueel

Registrasiefooi: Aanlyn: R100. In persoon: R250 (sluit verversings in). Studente: R50

Registreer asb. teen 8 November deur op die volgende skakel te volg: https://forms.gle/5knTQpqZT8uzDS9J6

Tydens die gesprek *Wetenskap en Geloof in Dialoog* word oortuigende argumente vir harmonie tussen natuurwetenskap en teïsme (God het geskep en bly persoonlik betrokke by sy skepping) aangebied. Argumente word aangebied dat wetenskaplike bevindings teïsme bevestig. Die natuur is georden volgens verstaanbare, rasionele, konsekwente wette, wat bevestig dat daar 'n Skeppergod moet wees.

Hierdie uitgangspunt word deur onlangse ontwikkelings in die moderne natuurwetenskap bevestig:

* Die ontdekking dat die heelal 'n begin gehad het en die oorvloedige wetenskaplike getuienis van fyninstelling word ten beste verduidelik deur 'n teïstiese lewens-en wêreldbeskouing.

* Naturalistiese verklarings vir die bestaan van die heelal en lewe skiet te kort.

Ses mites wat bygedra het tot die teorie dat daar konflik tussen wetenskap en geloof bestaan, word tydens die geleentheid ontbloot.

# Vakature

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom Bult (GKPB) ontvang graag aansoeke vir die onderstaande pos van Administratiewe Bestuurder. Hierdie pos word geadministreer deur ʼn Koördineringsgroep, wat bestaan uit die twee Predikante van die gemeente, en ʼn Koördineerder. Vir **verdere navrae** kan u gerus vir Lucas Venter skakel ( 0826849087) of u kan verkieslik epos stuur na venter.lucas@gmail.com.

Om vir die pos aansoek te doen, stuur ʼn CV per e-pos na **venter.lucas@gmail.com** voor **16:30 op Maandag 21 November 2022**. Motiveer asb in die dekbrief waarom u dink dat u die geskikte kandidaat vir die pos is.

### Vakature: Administratiewe Beampte

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die volgende take:

1. Dien as algemene kontak- (telefonies en via e-pos) en verwysingspunt vir die gemeente;
2. Sekretariële hulp aan die gemeente se Koördineringsgroep;
3. Ondersteuning vir vergaderingsadministrasie aan Skriba;
4. Algemene kantooradministrasie, insluitende die maak van preek-CDs;
5. Instandhouding van die gemeente se databasis.
6. Kommunikasie, publikasies en drukwerk van die gemeente in samewerking met die Kommunikasiebeampte
7. Hulp aan die Tegnologiebeampte met die e-bediening.
8. Ander take soos van tyd tot tyd deur die Koördineringsgroep toegeken.

Daar sal ook van die posbekleër verwag word om lidmate uit die gemeente te werf om verskillende gereelde ondersteuningsdienste op ʼn rotasiebasis uit te verskaf.

Die volgende kennis, vaardighede en algemene bekwaamhede is noodsaaklik:

1. ʼn Grondige kennis van en vaardigheid met die verskillende rekenaarpakkette (MSWord, MSExcell en PowerPoint) in MSOffice;
2. Goeie taalkennis en die vermoë om deeglike taalversorging van dokumente te doen, en uitstekende kommunikasievaardighede;
3. Vermoë om dokumente vanaf Afrikaans na Engels en omgekeerd te vertaal;
4. Vermoë om notules, verslae en toepaslike dokumente te produseer;

Die suksesvolle kandidaat sal ʼn aangename persoonlikheid hê, en sal beide verbaal en skriftelik goed met mense kan kommunikeer. Voorkeur sal gegee word aan kandidate met ʻn toepaslike tersiêre kwalifikasie Hierdie is ʼn permanente pos, en die kandidaat sal 35 ure per week werk, wat daagliks die tyd 8:00 – 13:00 sal insluit. Die suksesvolle aansoeker sal ruim verlofvoordele geniet, wat tydens skoolvakansies geneem kan word. Vir meer inligting, skakel gerus bogenoemde nommer.

# UITVOERENDE HOOF

## Hoofkantoor: Bellville

**Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) vertaal en versprei Bybels in Suid-Afrika sedert 1820 en is 'n lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, 'n netwerk van 148 Bybelgenootskappe wat in meer as 200 lande werksaam is.**

Die BSA nooi passievolle en toepaslik gekwalifiseerde kandidate uit om aansoek te doen vir hierdie strategiese posisie om verantwoordelikheid vir die organisasie se hoof uitvoerende funksie te neem. Die posbekleër sal leierskap, strategiese leiding / rigting, bestuurspraktyk en algehele koördinering van alle operasionele aktiwiteite verseker. Die Uitvoerende Hoof sal op die Raad van Direkteure en alle relevante Streekkomitees dien.

**Pligte sluit onder andere in:**

- Strategiese en visioenêre leierskap en bestuur van die BSA
- Implementering en uitvoering van beleid en strategie
- Bereiking van nasionale en internasionale doelwitte ten opsigte van fondsinsameling, Bybelvertaling, -produksie en -verspreiding in alle tale en formate
- Korporatiewe en Risikobestuur
- Finansiële Bestuur
- Menslike Kapitaalbestuur
- Eksterne Skakeling
- Openbare betrekkinge
- Operasionele Bestuur
- Algemene Administrasie

**Vereistes:**

- Bestuurs- en leierskapervaring op senior vlak
- Ondervinding binne die breër ekumeniese omgewing en status as geordende predikant sal as aanbeveling dien
- Moet 'n lid van 'n BSA Lidkerk wees
- Teologiese en Missiologiese begrip van Bybelmissie
- Praktiese kennis en begrip van korporatiewe / sakeondernemings (toepaslike bestuurskwalifikasie sal voordelig wees)
- Goeie kennis van toepaslike wetgewing en korporatiewe bestuursbeginsels
- Praktiese kennis/ervaring van finansiële administrasie, bemarking en besigheidsomgewing
- Kennis/ervaring van Bybelgenootskapwerk (nasionaal en internasionaal)
- Bewese skakel- en onderhandelingsvaardighede
- Goed ontwikkelde mondelinge en geskrewe kommunikasievaardighede
- Ervare in openbare optredes
- Hoogste vlak van etiek, integriteit en professionaliteit

**Om aansoek te doen, registreer asseblief jou CV by:**
https://www.dittojobs.com/jobs/view/2884536969




Best of Pretoria
READERS' CHOICE AWARDS 2021

CLEAVER QUALITY · HYGIENE · SERVICE · VALUE AWARD

Beeld 2022 PLATINUM
Leserskeuse
2022

BOMA Vleismark Meat Market

Dis nóú die tyd om jou vakansiekos te beplan

Boma Vleismark
Garsfontein/Rubensteinlaan
Moreletapark, Pretoria
012 998 8711

Boma Vleismark Olympus
Olympus Rylaan
012 991 3022
www.bomameat.co.za

BOMA Deli
Moreleta Plaza
Tel 012 998 1617







# Almal se mandjie

**GK CACHET VERBLYF 2023**

Die Gereformeerde Kerk Cachet het plek beskikbaar vir een damestudent in ons woonstelle vir 2023. Die woonstelle is op GK Cachet se gronde, op die NWU-Potchefstroomkampus geleë. Belangstellendes kan vir Ds Brahm Robinson op 064 6561374 kontak vir meer besonderhede.

**HUISHULP BESKIKBAAR**

Een van die gemeente se skoonmakers, Joyce, is op soek na stukwerk vir Maandae en Vrydae.

Kontak Joyce by 072 923 1046

**TUINWERKER BESKIKBAAR**

Een van die gemeente se tuinwerkers, Koos, is beskikbaar om op Maandae en Vrydae tuinwerk te doen.

Kontak Koos by 076 281 5766

PURE SUB-TROPICAL honey for sale

R85 per 500g (bottle)

R220 per 1,5kg (bucket)

082 573 7466 (Niel)



# G's fees

Met soveel om voor dankbaar te wees, kan ons nie anders as om Christus se voorbeeld te volg nie. Kers-fees is ‘n gee-geleentheid om die liefde wat ons ontvang het, te laat vloei na ander. Ons is uit genade gered - daarom hou ons op 27 November ‘n **G’s fees**!

Kom vier fees saam met ons en betoon liefde aan minderbevoorregtes. Vyf instansies gaan baatvind by hierdie fees:

1. Danville-kosprojek (nie-bederfbare kos)
2. Huis Ebenhaeser (nie-bederfbare kos)
3. Diakonie van die Gereformeerde kerk Cullinan (nie-bederfbare kos)
4. Kameelfontein se kinders (toiletware vir elke kind).
5. Pretoria-Wes (gebruikte of nuwe skryfbehoeftes).


Skryfbehoeftes, blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte kan in die onderskeie houers in die portaal geplaas word. Gee soveel as wat jy wil. Ons ondersteun ook die 62 kinders van Kameelfontein. Vind ‘n kaartjie aan die boom met ‘n lysie van toiletware wat elke kind benodig. Sit al jou goedjies in ‘n plastiek-sakkie en plaas dit in een van die rugsakke onder die boom. Die doel van hierdie rugsakke is om krom hang-skouers trots op te trek en veilige berging te bied aan die kinders se sportklere. Daar is ook kaartjies met ‘n skryfbehoeftelys, maar absoluut enige skryfbehoeftes is welkom. Gee asb. ook die skryfbehoeftes wat jou kind(ers) vanjaar gebruik het. Gebruikte papier (wat aan die een kant gedruk is) is ook welkom.

Skenkings kan *enige tyd* by kerk gelaat word, maar die groot gee-geleentheid vind op 27 November (Advent-Sondag), plaas. Bring ook ‘n bordjie hand-eetgoed in ‘n wegdoenbare houer en vier fees saam met ons!

Ons beoog om die rugsakke en kos op 9 Desember aan die onderskeie organisasies uit te deel. Die skryf-behoeftes sal vroeg in 2023 uitgedeel word.

Geldelike donasies is natuurlik ook welkom. EFT-oorplasings kan in die kerk se bankrekening gemaak word: ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005, Verwysing: “G’SFees”.




Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"
die Kerkblad
Geestelike pitkos vir die Gereformeerde lidmaat
Bied insig in die waarhede van die Skrif
Beoordeel aktuele gebeure in die lig van die Skrif en belydenis
Artikels wat fokus met die waarheid van die Woord op alle lewensterreine
Gedrukte formaat en ook elektronies beskikbaar
Vir intekening:
Tel. 018 297 3986
tydskrifte@gksa.co.za / kerkblad@gksa.co.za


... mense wie se denke en dade in die greep van die Heilige Gees vasgevang is, ken ware lewe en vrede.
Romeine 8:6


Skenk asb. aan SunRise
Voor jy ietsie by kan kry,
moet jy die ouer goedjies eers laat gly.
Alles wat jou kaf laat draf,
neem ons met graagte van jou hande af.
Enige grote of kleur, toestel of leer,
asook goedere, klere of 'n teddiebeer.
Voor Desember maak jou kaste skoon,
daarvoor word jy in die toekoms beloon!
Kontak: Zanelda 082 364 2196
SunRise
SunRise Road NPC Reg Nr 2012/215898/08
SunRise Road NPC Reg Nr 2012/215898/08
Rise UP
CHARITY STORE

HERNU VOERTUIG-
**LISENSIES**
BINNE 48 UUR



**5% AFSLAG**
daagliks vir
**pensioenarisse***

*T&Vs geld




# KWIKSPAR & TOPS WAPADRAND

**H/V Wapadrand & Lynnwood** @kwiksparwapadrand

# LYNNWOOD LANE

**H/V Equestria & The Highway** @TopsLynnwoodLane

SPLINTERNUWE
**UITLEG**
VIR U GERIEF









"**Hul slaghuis word sterk aanbeveel! Altyd skoon met gehalte vleis en waarde vir geld gewaarborg.**

FRANCES SLABBERT"



**GRATIS AFLEWERINGS IN PTA-OOS***

*T&Vs geld

Bestel sommer direk by ons!
**061 707 0091**

# Versorg die armes



**Al wat hulle gevra het, was dat ons aan die armes moes dink, en juis dit het ek ywerig gedoen. (Galasiërs 2:10)**

Paulus vertrek op sy sendingreise na die Romeinse en Griekse wêreld. Die Grieke en Romeine se gode leer hulle onderdane nie dat jy moet omgee vir mense wat swaarkry nie. Armes word dus nie in hierdie wêreld versorg nie.

Paulus verkondig 'n skokkende evangelie. Hierdie evangelie verwag van gelowiges om vir die behoeftiges te sorg. Vir die Grieke en Romeine is dit baie vreemd. Hulle ken dit nie, maar snap dit en gryp dit aan wanneer hulle tot bekering kom. Die nie-Joodse Christene in Galasië spaar die eerste dag van die werkweek se geld en skenk dit aan die armes in Jerusalem. Die Masedoniërs, wat self arm mense is, is ook bereid om dit wat hulle het te deel.

As jy Jesus volg, doen jy dit op Sy voorwaardes. Jy kan nie glo en maak soos jy wil nie. As Christus se hart in jou hart klop, is jy mededeelsaam. Dan het jy 'n oop hand sodat almal kan eet en leef. Ons moet Christus se voorbeeld navolg. Ons moet ons tyd, geld, besittings en lewe met ander deel. In 2 Korintiërs 9:6-7 lees ons wie karig saai, sal karig oes. In dieselfde gedeelte hoor ons dat God die blymoedige gewer liefhet. God leer ons hoe meer ons gee, hoe meer sal ons ontvang.

God vra en verwag van ons om met behoeftiges te deel. Om te gee aan iemand wat niks verwag nie, is oorweldigend. Die dankbaarheid oorspoel jou en jy ervaar die liefde van Christus deur hierdie persoon. As jy liefde deur geld en besittings gee, word jy 'n geestelike miljoenêr. Hierdie gevoel is onbeskryflik en kom direk van die Here af. Dit is goddelike Christusvreugde. Maak jou hart, hand en beursie oop sodat jy ook van vandag af hierdie vreugde kan beleef en ervaar.

*"Here, wees U my bankbestuurder. Amen*

Bron: Met 'n lied in die hart deur Marietjie Joubert.